# 'N INTERNASIONALE KUNSTEFEES

DIE Staatsteater Pretoria word op 30 Mei 1981 amptelik geopen.

Op die dag sal 'n spesiale, groots opgesette skouspel bygewoon word deur eregaste uit alle dele van die Republiek en ook uit die buiteland.

In die week wat op die amptelike openingsdag volg, sal die publiek uitgenooi word om herhalings van die bekendstellingsprogram by te woon.

Onmiddellik hierna begin 'n omvangryke internasionale fees van die uitvoerende kunste soos seker nog nooit tevore in Suid-Afrika beplan en uitgevoer is nie.

Oor 'n tydperk van meer as drie maande word daar sowat 370 op- of uitvoerings van meer as 80 verskillende programme aangebied — programme wat al die fasette van die nuwe tuiste van die uitvoerende kunste in Pretoria sal belig.

Daar is beplan vir vier operas, drie ballette, twee musiekspele, een kindertoneelstuk, tien simfoniekonserte, 'n reeks musiekkonserte, drie 'pop'-konserte, toneellesings, poppespele, ens.'

Onderhandelinge is reeds geruime tyd aan die gang om te verseker dat die dienste van top-kunstenaars uit die mees hoog aangeskrewe teaters, operageboue en musieksale van die wêreld vir dié speelvak verkry word.

Hoewel die name van die meeste van die kunstenaars nog nie bekend gemaak kan word nie, is daar reeds enkeles wat definitief gekontrakteer is. So kan dit reeds aan die lig gebring word dat die groot en omstrede Russiese dirigent Kiril Kondrashin 'n vergrote Truk-orkes van 95 stuks in 'n reeks simfoniekonserte kom dirigeer.

Die volledige Bambergse Simfonie-orkes van 100 lede is genooi om met hul dirigent en al uit Duitsland te kom om hier te kom optree.


Die Weense Seunskoor het reeds laat weet dat hulle kom.

Die wêreldberoemde Duitse bariton,Hermann Prey sal as konsertsanger verskyn.

Onder die groot reeks operasangers met wie daar onderhandel word (benewens die Suid-Afrikaanse kunstenaars) is daar Carlo Cossuta, Fiorenza Cossotto, James McCracken en Veriano Luchetti.

Wêreldberoemde balletdansers wat genader is om as gas-dansers saam met Truk-Ballet op te tree, sluit in Mikhail Baryshnikov en Natalia Makarova.

In die tydperk Junie tot einde Oktober 1981 sal Truk se toneelafdeling agt Afrikaanse en vyf Engelse toneelstukke opvoer; drie van die Afrikaanse werke sal hopelik nuwe stukke wees.



*'n Kunstenaarsindruk van die trappe wat van die opera-foyer lei na die middelvlak van die ouditorium*

*An artist's impression of the stairs leading from the foyer of the opera complex to the mezzanine floor of the auditorium*



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2013